RUGBYPROGRAM

D.F. MALAN vs JAN VAN RIEBEECK
(by D.F. Malan)

A-veld:
08:30: 0.16A
09:40: 0.19B
10:50: 0.15A
12:00: 0.19A

B-veld:
08:30: 0.15B
09:40: 0.14A
10:50: 0.14B

SEUNSHOKKIE

Die 0.19-seuns speel Saterdag om 09:30 teen Langa te Bishops en die 0.16-seuns speel 10:30 ook by Bishops.

Bus vertrek om 07:00 vanaf HS JvR

MEISIESHOKKIE

Die meisieshokkiespanne het hierdie afgelope naweek (23 Mei) hul eerste ligawedstryde gespeel. Die uitslae is as volg:

Teen St. Cyprians:
0.19B: 1 - 9 verloor

Teen Kampsbaai:
0.14A: 1 - 0 gewen
0.16A: 3 - 1 gewen
0.19A: 1 - 1 gelykop

Die 0.16 B-span het op die 25ste Mei hul eerste ligawedstryd teen CBC gespeel en het 0 - 1 verloor.

Daar is hierdie naweek geen wedstryde vir die hokkiemeisies nie, maar volgende naweek sal alle spanne speel. Die 0.19A, 0.19B, 0.16A en 0.14 meisies speel teen Monumentpark en die 0.16B's speel teen Springfield. Ons wens julle alle sterkte toe!

JVR-NETBAL

Baie sterkte aan al die WP-spelers wat môre in die Inter-provinsiale toernooi tussen WP, SWD en Boland deelneem.

Die volgende netbal-ligawedstryde se datums ver-ander:

DF Malan skuif na Donderdag 30 Julie

LANDLOOP

Alle landloopatlete moet werk aan hul fiksheid aangesien die volgende liga die derde dag van die tweede kwartaal reeds plaasvind. (Wynbergpark 22 Julie)

Geluk aan die volgende atlete vir uitstekende vertonings:

SACS-BYEENKOMS:
Christa van Eeden, 3de, Anne-Marie Visser, 9de, Karlie van den Berg, 3de, Mardré Ferreira, 6de, Megan McNiel, 7de, Grethe Geldenhuys, 3de, Alicia Botha, 14de, Pieter Opperman, 3de.

MILNERTON-WEDLOOP
Christa van Eeden, 2de, Anne-Marie Visser, 11de, Karlie v.d. Berg, 2de, Holden Webster, 7de, Mardré Ferreira, 2de, Lezán van Wyk, 7de, Pieter Opperman, 2de, Grethe Geldenhuys, 2de, Mariska Strydom, 4de.

DARLING HALFMARATHON
Pieter Opperman, 1ste (kategorie 16 - 19 jaar) (14de algeheel)
René Davel, 3de (kategorie 16 - 19 jaar)

Geluk aan die volgende atlete wat besonders presteer het deur die loop van die tweede kwartaal: Pieter Opperman en Ebeth Marais.

Die volgende atlete kan beskou word as 'n bron van inspirasie vir die res van ons met hul besondere deursettingsvermoë en begeestering: René Davel en Mardré Ferreira.

Uitgawe 17

2009 JANNEWALES

BEHEERRAADSVERKIESING 4 JUNIE 2009 18:00 SKOOLSAAL

Ingevolge artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet no. 84 van 1996) soos gewysig, staan alle openbare skole onder beheer van 'n beheerliggaam. 'n Beheerliggaam staan in 'n vertrouensposisie teenoor die skool. Die professionele bestuur van sodanige skole is egter gesetel in die Departementshoof. Die beheerraad moet onder andere die beste belange van die skool bevorder en poog om die ontwikkeling daarvan te verseker deur die voorsiening van onderwys van gehalte aan alle leerders in die skool.

Kiesbeampte: Mnr. Johan Oosthuizen (Laerskool Jan van Riebeeck)

KENNISGEWING VAN BEHEERRAADSVERKIESING: Hoërskool Jan van Riebeeck. Kennis geskied hiermee dat 'n vergadering vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing van ouers/opvoeders/nie-opvoeders as lede van die beheerliggaam vir bogenoemde skool, op **4 Junie 2009 om 18:00**. Op die aand van die nominasie- en verkiesingsvergadering bepaal word of 'n kworum (95 ouers) stemgeregtigde ouers teenwoordig is. Ouers word dus versoek om voor 18:00 teenwoordig te wees. 'n Kandidaat kan ook genomineer word deur 'n nominasievorm, behoorlik voltooi deur die voorsteller, sekondant en kandidaat, nie meer nie as sewe dae en nie minder as 24 uur, voor die aanvang van bogenoemde vergadering by die kiesbeampte in te dien. Sewe ouers moet verkies word.

Nominasies sal vir hierdie doel vanaf 26 Mei 2009 tot 03 Junie 2009 op 18:00 by die skool aanvaar word. (Nominasievorms is by die kantoor, op webtuiste en in die Jannewales beskikbaar. Indien meer kandidate genomineer word as die getal lede wat verkies moet word, sal daar onmiddellik tot stemming oorgegaan word.

INLIGTING IN VERBAND MET VERKIESING:

1. NOMINASIES VAN OUERLEDE
   (a) Elke kandidaat moet deur 'n stemgeregtigde in paragraaf 4 bedoel voorgestel en deur 'n ander stemgeregtigde gesekondeer word. 'n Stemgeregtigde wat 'n kandidaat voorstel of sekondeer moet homself of haarself oortuig dat die kandidaat bevoeg is om tot lid verkies te word.
   (b) 'n Nominasievorm moet ten opsigte van elke kandidaat voltooi word. Hierdie vorms is voor die vergadering by die prinsipaal verkrygbaar en sal ook by die vergadering beskikbaar wees;
   (c) Die kiesbeampte bepaal die tyd wat tydens die nominasie- en verkiesingsvergadering vir die nominasie van kandidate toegelaat word, en stel die vergadering daarvan in kennis; en
   (d) 'n Ouer-kandidaat mag nie homself of haarself nomineer nie.
2. DISKWALIFIKASIE VAN LEDE
   'n Kandidaat is onbevoeg om as lid van 'n beheerliggaam verkies of aangestel te word indien hy of sy –
   (a) te eniger tyd skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy of sy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is vir 'n periode langer as ses maande of nog nie die volle tydperk van sy of haar gevangenisstraf uitgedien het nie of tensy algehele kwytskelding aan hom of haar verleen is of die termyn van sy of haar gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar verkiesing as lid van so 'n liggaam verstryk het;
   (b) geestesongesteldheid is en deur 'n bevoegde hof aldus verklaar is;
   (c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of
   (d) in die geval van 'n ouerlid, nie 'n kind as ingeskrewe leerder by die betrokke skool het nie.
3. STEMREG
   (a) Elke ouer van een of meer leerders op die register van 'n skool ten tyde van die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam vir sodanige skool, is geregtig om by sodanige verkiesing te stem en slegs sodanige ouers sal tot die stemlokaal toegelaat word.
   (b) Iemand wat nie die natuurlike ouer is nie, maar 'n persoon is in wie se sorg een of meer leerders in paragraaf 4 (a) beoog, wettig geplaas is, is geregtig om by sodanige verkiesing te stem; en
   (c) Iemand wat geregtig is om te stem, het een stem ten opsigte van enige besondere kandidaat: Met dien verstande dat die totale getal stemme van so iemand nie die getal lede wat verkies moet word, oorskry nie.

BEHEERRAADSVERKIESING IN PRAKTYK: Met slegs 7 dae voor die verkiesing van die beheerliggaam vir die volgende termyn, het dit nou tyd geword om ernstig te begin dink, gesels en beplanning te doen.

- Nominasievorms vir die verkiesing van 7 ouerlede is vanaf 28 Mei by die sekretaresse, in die Jannewales en op die webtuiste beskikbaar. Hierdie nominasievorms moet deur die voorsteller, sekondant en genomineerde ingevul en onderteken word. Alle skriftelike nominasies moet voor 3 Junie 2009 (14:00) by die skoolhoof ingehandig word.
- Die verkiesing van 'n nuwe beheerliggaam vind op 4 Junie 2009 om 18:00 - 20:00 in die skoolsaal plaas. Vir hierdie verkiesing benodig ons 'n kworum van 15% (95 ouers) van die ingeskrewe leerdertal. Indien hierdie kworum nie bereik word nie, sal 'n tweede verkiesing plaasvind op Maandag, 22 Junie 2009 om 18:00 in die skoolsaal. Nuwe nominasievorms sal vanaf Maandag, 8 Junie 2009 by die kantoor beskikbaar wees. Daar word geen kworum vir die tweede vergadering benodig nie.

Ek vertrou dat al ons ouers elkeen die ander se tyd, pogings en belange sal respekteer deur ook hierdie proses sonder haakplekke af te handel.

Hoërskool Jan van Riebeeck
Kloofstraat 129
KAAPSTAD
8001
Tel: 021 423-6347
Webblad: www.janvanriebeeck.co.za

oudleerders@janvanriebeeck.co.za
administrasie@janvanriebeeck.co.za
sport@janvanriebeeck.co.za tel/faks: 424-5432
finansies@janvanriebeeck.co.za faks: 424-5427
ontvangs@janvanriebeeck.co.za faks: 424-5520

Nominasie van ouers as lede van die Beheerliggaam:

(Maatreëls 11, 13, 14, 15 en 16)

(Kragtens artikel 28(e) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), moet daar tydens die nominasie en verkiesing van lede van beheerliggame na die hoogste praktiese vlak van verteenwoordiging van lede van 'n beheerliggaam gestreef word.)

NAAM VAN SKOOL: **HOëRSKOOL JAN VAN RIEBEECK**

VOORSTELLER:

Ek, ……..
(Volle naam)
van ……..
(Woonadres)
synde 'n ouer van genoemde skool, stel hiermee vir …….....….
(Volle naam van kandidaat)
van ……
(Woonadres)
as lid van die beheerliggaam van bogenoemde skool voor.

……
HANDTEKENING VAN VOORSTELLER

SEKONDANT:
Ek, ……...
(Volle naam)
van ……...
(Woonadres)
synde 'n ouer van bogenoemde skool, sekondeer hiermee bogenoemde voorstel.

……
HANDTEKENING VAN SEKONDANT

KANDIDAAT:
Ek, ……..
(Volle naam)
van …….
(Woonadres)
verklaar hiermee dat ek
(a) bogenoemde nominasie aanvaar, en
(b) nie onbevoeg is om 'n lid van 'n beheerliggaam te wees nie soos bedoel in paragraaf 3 van die "inligting in verband met die verkiesing" (sien Bylae A)

……..
HANDTEKENING VAN KANDIDAAT
OF
(INDIEN OP NOMINASIE- EN VERKIESINGSVERGADERING VOORGESTEL)
Ek, …….
(Volle naam)
verklaar dat skriftelike bewyse tot my bevrediging voorgelê is dat bogenoemde kandidaat

(a) wat nie by die nominasie- en verkiesingsvergadering teenwoordig is om die nominasievorm te voltooi nie, indien verkies, bereid sal wees om as lid van die beheerliggaam te dien, en
(b) nie onbevoeg is om 'n lid van 'n beheerliggaam te wees nie soos bedoel in maatreël 3 van die maatreëls betreffende beheerliggame vir Openbare Skole.

……
HANDTEKENING VAN KIESBEAMPTE
Kragtens maatreël 11(4) word hierdie nominasie aanvaar/verwerp.*

……. ……
HANDTEKENING VAN KIESBEAMPTE DATUM

FINALE JUNIE 2009 EKSAMENROOSTER

LET ASSEBLIEF OP VERANDERINGE!

DATUM	*GRAAD 8*	*GRAAD 9*	*GRAAD 10*	*GRAAD 11*	*GRAAD 12*
Vrydag 29 Mei	Klas	Klas	GVS prakt. Musiekprakt.	Musiekprakt.	Musiekprakties
Maandag 1 Junie	Klas	Klas	Kuns Prakt. (8:00-14:00)	RTT Prakties	IT Prakties
Dinsdag 2 Junie	Klas	Klas	IT Prakties Musiek I / II	LW II	RTT Prakties Musiek I / II
Woensdag 3 Junie	Klas	Klas	RTT Prakties	IT Prakties	LO Wisk III
Donderdag 4 Junie	Klas	Klas	Eng II Eng III	Rek / Toer IGO / RTT	LW I
Vrydag 5 Junie	Klas Musiekprakt	Klas Musiekprak	Afr I	Visuele Kuns Musiek I / II	Wisk I Wisk Gelet I
Maandag 8 Junie	Afr	Rek	Besigheidst IT / Aard Drama	LW I	FW Ekon GVS Gesk
Dinsdag 9 Junie	Rekenaarge-let.	Teg	Eng I	Afr I	Eng II Eng III
Woensdag 10 Junie	EBW	Afr	Wisk I Wisk Gelet I	FW I Gesk Ekon GVS	Eng I
Donderdag 11 Junie	Teg	Eng	Rek Toer IGO RTT	Eng II Eng III	Afr I
Vrydag 12 Junie	Gesk Aard	LO	Wisk II	Wisk I Wisk Gelet I	Besigheidstudie Kuns / IT Drama Aard
Woensdag 17 Junie	NW	Wisk	FW GVS Ekon Gesk	Wisk II Wisk Gelet II	Wisk II Wisk Gelet II
Donderdag 18 Junie	Engels	EBW	LO	Afr II	FW II
Vrydag 19 Junie	Rek	NW	LW	Besigheidstudie / IT Aard Drama	LW II
Maandag 22 Junie	Wisk	Kuns en Kult Musiekteorie	LW II	LO	Rek / Toer RTT IGO
Dinsdag 23 Junie	Kuns en Kult Musiekteorie	Rekenaargelet.	Visuele Kuns	FW II	IGO II
Woensdag 24 Junie	LO	Gesk Aard	Afr II	Eng I	Afr II

EKSAMEN-WENSE!

Moed is nie die afwesigheid van vrees nie, maar die oorwinning daarvan. Ek wens elkeen genoeg moed en deursettingsvermoë vir die komende eksamen toe. Mag elkeen met die nodige selfvertroue voorberei en verslag doen van 'n kwartaal se werk. Alle sterkte. Ek dink aan julle!

HAMMIES VAN NIEKERK

EKSAMENREëLS (Leerders)

1. Leerders word alfabeties geplaas sodat afskrywery uitgeskakel of beperk word.
2. Alvorens leerders begin skryf, moet die tasse, boeke, aantekeninge, notas, ens. voor in die klas gesit word.
3. Vraestelle word opgeneem vanaf 12:25.
4. Leerders mag nie vroeër as die bestemde tyd ophou skryf om van die lokaal verskoon te word nie.
5. Klasse moet te alle tye netjies gehou word. Vensters moet aan die einde van die dag toegemaak en die ligte afgeskakel word.
6. Gedurende studiesessies mag leerders nie tydskrifte/boeke lees nie. Hulle mag nie bymekaar sit, gesels of speletjies speel nie. Dit moet te alle tye stil in die klas wees.
7. 'n Leerder mag NIKS by 'n ander leerder leen nie.
8. 'n Leerder mag nie 'n selfoon/ipod of enige ander elektroniese apparaat(behalwe sakrekenaars) by hom/ haar in die lokaal hê nie. Selfone kan nie as sakrekenaars gebruik word nie. Selfone moet afgeskakel en duidelik gemerk voor elke eksamensitting by die onderwysers ingehandig word.
9. Slegs blou of swart ink kan gebruik word om vraestelle te beantwoord, behalwe waar vakvoorskrifte ander vermeld.
   Die gebruik van kleurpenne/koki's om vrae te beantwoord of om prentjies op die antwoordstel te teken, word nie toegelaat nie.
10. Die eerste busse sal daagliks om 13: 00 vertrek. Leerders wie intervensieklasse of sportoefeninge bywoon, sal die bus om 14:00 kan neem.
    Die skool aanvaar <u>geen verantwoordelikheid</u> vir leerders wat soggens inkom en in die stad rondloop nie.
11. **Die reëls ten opsigte van kleredrag en voorkoms, sal baie nougeset gekontroleer word deur die voogde en die adjunkhoof tydens die eksamen.**